

FEBRUARY 2010 FEBRUARIE

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER

AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF



## STOETVEE BLY SKITTER

### AGRA NEWS

Met die wêreldressie steeds 'n werklikheid en in ons midde, was die verwagting dat stoetvee nie die rekordpryse van die verlede sal oorskry nie. Min het ons geweet dat 2009 in die annale van die geskiedenis bekend sal wees as dié jaar waarin Hartebeestloop Bonsmaras 'n bul vir 'n fenomenale rekordprys van N\$ 280 000 sou verkoop het. En bowenal word die gemiddelde prys van alle bulle verkoop ook merkwaardig oortref. Die algehele positiewe in die landboubedryf het ongetwyfeld bygedra tot hierdie uitsonderlike prestasies wat behaal is:

Ten spyte daarvan word landbou steeds gekonfronteer deur faktore wat die boerdery-omgewing negatief beïnvloed naamlik:

- Nimmereindigende stygende produksiekostes
- EPA-handelsooreenkoms met betrekking tot marktoegang na die EU wat nog nie gefinaliseer is nie
- Uitkoms van Meatco se toekomstige sakestruktuur steeds onbekend
- Impak van die kleinveeskema op die oorskakeling van veeboerderystelsels in die Suid
- Prysverhogings in elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika
- Finansiële onvermoë van produsente om bosindringing grootskaals aan te spreek
- Toename in plaasmoorde
- Toename in veediefstal en algehele misdaad
- Effek van HIV op die arbeidsmag
- Gebrek aan kundigheid by ontlukende produsente
- Agteruitgang van die infrastruktuur op hervestigingsgronde a.g.v. 'n gebrek aan kennis en ondersteunende kapitaal
- Voorspelling van 'n ondergemiddelde reënjaar a.g.v. die El-Nino verskynsel wat sy opwagting gemaak het

Daarteenoor is daar positiewe aspekte wat produsente behoort aan te spoor om doeltreffendheid van produksie te verhoog soos onder meer:

- Nuwe finansieringskema deur Meatco wat verslagting plaaslik aanmoedig
- Daling in brandstofpryse
- Daling in rentekoerse
- Stabiele slag-en veilingspryse vir vee
- Ongekende behoefte na landbougrond
- Beskikbaarheid van fondse vir belegging in die landbou

- Behoefte na vee vanuit Angola.
- Aksies t.o.v. kennis oordraging

Na die aanvanklike verwagting dat 2009 slegs 'n gemiddelde stoetveeveilingsjaar sal wees, was die verbasing uiters groot toe die jaar teen alle verwagting in omswaai na een van die mees suksesvolle stoetveeveilingsjare ooit. Hierdie positiewe word ook weerspieël deur die statistieke soos vervaar in die Namibiese Stoettelersvereniging se jaarverslag van 2009. Sedert 2000 het die getal telersgenootskappe na 27 (75.49%), die aantal telers na 501 (129%) en die aantal geregistreerde diere na 66 659 (119,93%) toegeneem. Die grootveegetalle alleen het gestyg van 33 918 na 35 827 (5.6%). Die voortgesette groei in getalle ten opsigte van nuwe genootskappe, telers en diere wat by die NSV aansluit is 'n spreekwoordelike voorbeeld van die optimisme wat daar in die stoetbedryf heers.



**Die Bonsmara bul HART 06 93 van Joggie Briedenhann, die duurste bul wat in 2009 verkoop is vir N\$ 280 000.**

Die grootste uitdaging vir die veebedryf is egter dat die kommersiële sektor by wyse van die beskikbaarstelling van kennis gestimuleer moet word om te groei. In dié verband gaan verskeie instansies voort met kennis oordraging aan ontlukende produsente. Veral die NLU, boereverenigings, studiegroepe en individue is aktief betrokke by projekte waarvan die doel is om kennis oor te dra. 'n Voorbeeld is die "Emerging Farmers Support Programme" waar individue soos Bertus Kruger, Wolf van Wielligh, Arnold Gaseb en andere waardevolle voorligtingswerk onder hervestigde produsente doen. Die sukses wat reeds behaal is om produsente se diere saam te voeg ten einde weiding- en kuddebestuur te vergemaklik is merkwaardig. Agra self het verlede jaar 'n professionele dienste

afdeling begin met die doel om die vaardigheid van produsente ten opsigte van kennis, vermoëns en houding te verbeter. Hierdie afdeling lewer 'n omvattende diens wat strek vanaf diens aan die kommunale produsente, ontlukende produsente, kommersiële produsente, stoettelers en instansies wat by landbou betrokke is. Daar sal ook op die jonger generasie kommersiële produsent sowel as die nuwe generasie professionele deelydse produsent gefokus word. Solank almal beseft dat die kundigheid van die Namibiese vleisprodusent verbeter sal moet word, met die doel om kuddeproduktiwiteit te verbeter sodat daar 'n groter mark vir geneties meerderwaardige teel- en kuddebulle in ons eie boerdery-omgewing geskep kan word. Neem die effektiwiteit van die kommersiële landbousektor egter af sal die stoetbedryf ook kwyn.

to continue on page 2...

## EDITORIAL



“Sterkte vir die jaar wat voorlê, die stukkie wat nog oor is” – is een van die algemene groetwyses aan die begin van die jaar. Soms troos dit ‘n mens egter as jy in Februarie nog vir iemand ‘n voorspoedige jaar kan toewens, asof dit die jaar so ‘n klein bietjie rem en jou laat besef dis eintlik nog vroeg in die jaar, veral as jy al voel of jy alweer kan doen met verlot!

Vir Agra hou die jaar baie opwinding in en vir die afskop is almal betrokke by die proses om Agra te omskep van ‘n koöperasie na ‘n openbare maatskappy. In die omsendskrywe rakende die omskepping word gesê: “Dit is wêreldwyd bewys dat besighede slegs met volhoubare groei suksesvol kan bly. ‘n Boom wat ophou groei, kan nie oorleef nie. Dit dwing maatskappye om voortdurend innoverende maniere te vind om in kliënte se veranderende behoeftes te voorsien. Groei impliseer ook verbeterde waarde, dus vir Agra om relevant te bly, moet dit ‘n fondasie wees waarop lede waarde kan bou.” Ons vertrou dat ons teen 24 Maart 2010 die toestemming van tweederdes van Agra se lede sal hê om te kan voortgaan met die omskepping. Inligtingsvergaderings word landwyd gehou in die eerste week in Februarie. In hierdie uitgawe gee ons egter nog vrae en antwoorde wat aan lede meer duidelikheid kan gee.

Ons gee ‘n terugblik op die stoetveeëilings van verlede jaar en deel nog nuus uit die ou jaar. Ons gaan ook voort met ons tegniese artikels en sal van die volgende uitgawe, soos die ruimte dit toelaat, weer ons arbeidsartikel en bydraes vir die dames voorsit.

Perikle het gesê: “Moed is nie die afwesigheid van vrees nie, moed is om bang te wees en tog voort te gaan.” Ons wens u voorspoed toe vir die jaar en moed om alle uitdagings die hoof te bied.

Onthou dat u welkom is om enige inligting, voorstelle, versoeke of kommentaar rakende die *Ring* aan ons te stuur na Agra se Senior Bestuurder: Korporatiewe Aangeleenthede

Me Birgit Hoffmann, Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan birgith@agra.com.na

Groete tot die volgende uitgawe!



**Albé Snyman**  
Kommunikasiebeampte  
Privaatsak 12011, Windhoek  
Tel: 061-290 9273  
E-pos: albes@agra.com.na

**Agra Hoofkantoor**  
Tel: 061-290 9111

Dit behoort elke produsent te motiveer om ook sy of haar verantwoordelikheid te aanvaar ten opsigte van kennis- en tegnologie-oordraging.

Die vernietigende effek van bosindringing op weidingsekosisteme bly egter steeds die vernaamste faktor wat volhoubare en winggewende boerdery kniehalter. Bosbekamping is ‘n geweldige duur proses maar hoe langer dit uitgestel word hoe langer vat dit om voordeel daaruit te trek. Om geld te spandeer om die drakrag van landbougrond te verbeter is tans waarskynlik die beste belegging wat ‘n produsent kan maak. Onthou net dat nasorg ewe belangrik is. As dit nie gedoen word nie kom indringerbos baie vinnig terug en word alle goeie werk ongedaan gemaak. Geen produsent kan dit bekostig om geld so te verkwis nie. Dit is egter verblydend om te sien dat baie produsente met drakragherwinningsprojekte besig is. As dit gebeur neem die drakrag van die natuurlike weiding, wat die goedkoopste bron van veevoer is, asook die getalle kommersiële teeldiere toe en tesame met kennisoordraging lei dit tot die verhoging van kuddeproduktiwiteit en -effektiwiteit. Soortgelyk behoort dit weer die behoefte na goeie bulle te verhoog wat stoettelers sal aanmoedig om meer winggewende diere vir die Namibiese mark te teel.

Teen alle verwagting in het die 2009 stoetveeëilings weereens besondere hoogtepunte opgelewer. Soos die vorige jaar, is die rekord vir die duurste bul weer oortref, maar hierdie keer met die ongelooflike bedrag van N\$ 110 000 (N\$280 000 teenoor N\$170 000). Om dié prestasie nog meer indrukwekkend te maak is die gemiddelde prys per bul ook oortref met 19.15% (N\$ 28 713 teenoor N\$ 24 097). Die Hartebeestloop Bonsmaraveiling van Dr Joggie Briedenhann het grootliks tot hierdie indrukwekkende prestasie bygedra, toe alle rekordboeke herskryf is deurdat die vyf duurste bulle in 2009 op hierdie veiling verkoop is (N\$ 280 000, N\$ 170 000, N\$ 165 000, N\$ 160 000 en N\$140 000). Veels geluk aan Dr Joggie Briedenhann met hierdie uitsonderlike prestasie wat trouens nie maklik geëwenaar sal word nie. Die allemintige rekordprys van N\$ 280 000 is deur Wagner Bonsmaras van Ben en Corlia Mouton en Okamaja Bonsmaras van Jörg Sigwart en Robbie Daubersmith betaal. Die ander kopers was Edward Hansen, Tollie van Tonder en Nic van Wyk, Ponk O’Kennedy en Duiker Investments. Baie geluk aan bogenoemde kopers met die top genetiese materiaal wat aangeskaf is en voorspoed word julle toegewens.

Daar is gedurende 2009 ‘n totaal van 29 stoetveeëilings deur Agra landwyd aangebied. Dit is ook so dat die aantal veilings in die toekoms minder behoort te word aangesien daar steeds gepoog word om van die veilings te kombineer en die aanbod groter te maak. Strategies is dit vir telers beter om by ‘n groter groep telers in te skakel as om op jou eie te probeer veiling hou. Die 739 bulle wat vanjaar verkoop is, is die derde meeste bulle wat nog ooit aangebied was. Die 853 bulle van 2006 en die 752 bulle van 2008 wat verkoop is, sluit natuurlik veilings in met totale uitverkope van stoeterye. Die 739 bulle wat vanjaar verkoop is, is dus opsigself ‘n merkwaardige prestasie veral as daar in ag geneem word dat die bulle vir ‘n indrukwekkende rekord gemiddeld van N\$ 27 672 van die hand gesit is. Hierdie getal sluit ook die bulle in wat op die staatsveilings verkoop is. Indien slegs die gemiddelde bereken word van bulle wat op die res van die stoetveilings verkoop is, is die gemiddelde ‘n allemintige N\$ 28 713. Hierdie gemiddelde is gevolglik ook die gemiddelde wat vir rekorddoeleindes gebruik sal word aangesien dit ‘n akkurater aanduiding is van wat in die bedryf aangaan.

Die primêre faktore wat bulpryse normaalweg beïnvloed is kwaliteit, politieke stabiliteit, die jaarlikse reënval, beskikbaarheid van weiding asook die slagveen- en speenkalfpryse. Sowat 150 grootveestoettelers en kommersiële produsente het gedurende 2009 diere deur Agra stoetveedienste bemark teenoor die 100 van verlede jaar. In totaal is daar 1 820 (teenoor die 1773 van verlede jaar) diere deur Agra Stoetveeëilings bemark.

Die volgende 10 grootveestoeveilings spog met die hoogste omsette behaal gedurende 2009:

Hartebeestloop Bonsmaras	N\$ 3 839 750
Top 10 Bonsmara	N\$ 2 129 600
Northern Select Bull and Female Sale	N\$ 2 060 750
Central Select	N\$ 1 920 000
Namibia Genetics	N\$ 1 736 600
Superior Genetics	N\$ 1 704 000
Northern Select	N\$ 1 541 600
Hochfeld Gesamentlike Produksieveiling	N\$ 1 175 000
Westelike Bonsmara	N\$ 1 121 200
St Blaize Brahman	N\$ 920 000

Veels geluk aan die telers wat 'n bydrae gemaak het om van bogenoemde veilings 'n sukses te maak. Daar is vanjaar aansienlike insette gelewer om die aanbod op veilings groter te maak deur telers op veilings saam te groepeer en dit met baie groot sukses. Groter veilings hou uiteraard verskeie voordele vir beide koper en verkoper in:

- Kwaliteit van die aanbod verbeter
- Groter variasie en keuse van bulle is beskikbaar
- Groter aanbod lok meer potensiële kopers
- Advertensiekostes is aansienlik laer omdat meer telers betrokke is
- Borge meer geneë is om as borg by groter veilings betrokke te raak a.g.v. groter blootstelling
- Vervoerkostes is laer omdat kopers geneig is om hul jaarlikse aankope op een veiling te doen
- Stoeveidienste se kostes vir die aanbieder van die veiling is ook laer

Hartebeestloop Bonsmaras en gasverkopers het dus vanjaar die hoogste omset (N\$ 3 839 750 teenoor verlede jaar se hoogste omset van N\$ 2 359 000) behaal. Dit word gevolg deur die Northern Select-telers as groep, wat vanjaar 'n totale omset van N\$ 3 602 350 behaal het. Hierna volg die Top 10 Bonsmara veiling, wat 'n nuwe veiling is, met N\$ 2 129 600. Al drie hierdie veilings word gekenmerk deur 'n top aanbieding, uitstekende advertensie en promosie, indrukwekkende katalogus en deeglike en getroue nasorgdiens aan kopers. Dit was ongetwyfeld die wenresepte tot die sukses van hierdie groepe telers. Die prestasie van die onderskeie telers is maar net weer eens 'n bewys dat kwaliteit diere, kwaliteit advertensie en kwaliteit menswees ongetwyfeld die sleutel tot suksesvolle en winsgewende stoeveling is. Die dae is verby dat telers net fokus op die teling van diere op die plaas en dan van iemand anders verwag om die diere te bemark.

Die spogprys van N\$ 280 000 wat deur die Bonsmara bul HART 06 93 van Joggie Briedenhann behaal is, is soos reeds genoem die duurste bul wat in 2009 verkoop is. Die tweede tot vyfde duurste bulle kom ook uit die stalle van Hartebeestloop Bonsmaras. Die pryse wat hier behaal is, is N\$ 170 000 (HART 06-74), N\$ 165 000 (HART 07 37), N\$ 160 000 (AEJ 06 107) en N\$ 140 000 (HART 06-58). Na hierdie uitsonderlike prestasie van Hartebeestloop Bonsmaras volg die pragtige bul NUL 05 7 van 'n jong Limousin teler Eandro Lottering wat tydens die Windhoek skouveiling vir N\$ 100 000 aan Sigi Wilckens verkoop is terwyl die Bonsmarabul AG 02 72 van Hartebeestloop Bonsmaras soortgelyk N\$ 100 000 behaal het. Vervolgens die beproefde Wit Brahman stoetbul van Hagen Eggert wat aan Volker Hoth van Kamanjab verkoop is vir N\$ 96 000. Ander uitsonderlike prestasies is die Bonsmara bulle HART 07 25 (N\$ 85 000) en HART 06 55 en AG 03 353 wat beide vir N\$ 80 000 van die hand gesit is, die beproefde wit Brahman stoetbul

van Mecki en Brigitte Schneider wat vir N\$ 70 000 verkoop is, die Simmentalerbul HP 05 39 van Horsti en Renate Riedel wat N\$ 67 000 behaal het, 'n seun van Clawa die beproefde Wit Brahman stoetbul van Mecki en Brigitte Schneider wat vir N\$ 66 000 verkoop is, die Bonsmarabul HART 06 62 wat vir N\$ 65 000 van eienaar verwissel het, Tollie van Tonder se Bonsmarabul TON 06 40 wat vir N\$ 64 000 verkoop is, 'n Simmentalerbul van Mike Krafft wat N\$ 62 000 behaal het, vier Bonsmara bulle van Hartebeestloop wat N\$ 60 000 behaal het, 'n Simbrabul van Diethelm Metzger wat tydens die Central Select vir N\$ 60 000 verkoop is, 'n Wit Brahman bul van Mecki en Brigitte Schneider wat vir N\$60 000 verkoop is, nog 'n Hartebeestloop Bonsmarabul wat N\$58 000 behaal het en 'n beproefde jong Bonsmara stoetbul van Ben en Corlia Mouton wat verhandel is vir N\$ 55 000. Verder is daar nog 'n Simbrabul van Diethelm Metzger wat vir N\$ 53 000, 'n Brahmanbul van Günther Hellinghausen vir N\$ 52 000, 'n Brahmanbul van Eberhard Fischer vir N\$ 51 000, 'n Simbrabul elk van Diethelm Metzger en Arthur Baggot Smith junior vir N\$ 51 000, 'n Sussexbul van Cobus van der Merwe vir N\$ 51 000, nog 'n Bonsmarabul van Hartebeestloop wat vir N\$ 50 000 en een Brahmanbul elk van Günther Hellinghausen, Mecki en Brigitte Schneider en Fred en Uta Redecker wat ook vir N\$50 000 van eienaar verwissel het. Insgelyks is daar 38 bulle wat vir N\$ 40 000 en meer verkoop is terwyl 131 bulle vir N\$ 30 000 en meer verkoop is.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar stap die Limousin met die louere weg as die ras wat die hoogste gemiddelde prys behaal het. Vanjaar is 15 Limousinbulle vir 'n ongelooflike gemiddeld van N\$ 32 600 van die hand gesit. Baie geluk aan elke Limousin teler wat 'n bydrae gemaak het, in die besonder Eandro Lottering wat 'n bul vir N\$ 100 000 verkoop het. Hierna volg die Simbras (46 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 31 739), Bonsmaras (227 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 29 447), Brahmane (217 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 29 069), Sussex (21 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 28 857), Simmentalers (122 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 26 552) en die Charolais (6 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 26 333). Neem 'n mens die getal bulle in ag wat deur die Bonsmara en Brahman telers verkoop is, is die gemiddeldes wat behaal is uitsonderlike prestasies. Baie geluk ook aan hierdie telers.

Vanjaar is die bordjies verhang en het die Bonsmara telers die meeste bulle verkoop (227) gevolg deur die Brahmane (217) wat die afgelope twee jare die meeste bulle verkoop het, Simmentalers (122), Simbras (46) en die Santa Gertrudis met 40 bulle. Hierdie jaar is gekenmerk deur die groot poging wat Bonsmara telers geloofs het om die ras te bemark met gevolglik suksesvolle resultate. Harde en eerlike werk word altyd beloon. Baie geluk aan die Bonsmaras en meer spesifiek sekere telers wat groot insette in die verband gelewer het. Verlede jaar was die Brahmane in die eerste plek met 248 bulle gevolg deur die Bonsmaras met 207 bulle.

Die gesogste prestasie bly uiteraard steeds dié teler wat die hoogste gemiddeld per produksieveiling behaal. Hierdie uitsonderlike prestasie gaan vir die tweede agtereenvolgende jaar aan Dr Joggie Briedenhann wat tydens die Hartebeestloop Bonsmaraveiling 37 bulle vir 'n ongelooflike gemiddeld van N\$ 62 000 van die hand gesit het. Verlede jaar se rekord was 18 bulle vir N\$ 51 000. Die stelling is verlede jaar gemaak dat hierdie rekord nie maklik oorskrei gaan word nie. Wel gedaan Dr Joggie, niks vervang kundigheid, kwaliteit, harde werk en opoffering vir mede telers en produsente nie. Hierna volg Tollie van Tonder (2 Bonsmara bulle vir gemiddeld N\$ 48 500: Bonsmara Nas.), Eberhard Fischer (2 Brahman bulle vir N\$ 46 000: Brahman Nas.), Cobus van der Merwe (2 Brahman Bulle vir N\$ 40 000: Brahman Nas.), Diethelm Metzger (14 Simbra bulle vir N\$ 39 000: Central Select),

to continue on page 4...

continued from page 3...

Arthur Baggot Smith junior (3 Simbra bulle vir N\$ 38 333: Superior Genetics), Fred en Uta Redecker (10 Brahman bulle vir N\$ 36 200: Central Select), Ulla van Biljon (2 Simmentaler bulle vir N\$ 36 000: Northern Select), Günther Hellinghausen (7 Brahman bulle vir N\$ 35 571: Northern Select Bull and Female Sale), Mike Krafft (2 Simmentaler bulle vir N\$ 35 000 Windhoek Skou), Hardus Breedt (3 Simbra bulle vir N\$ 34 333: Windhoek Skou), Ben Mouton (2 Bonsmara bulle vir N\$ 33 500: Bonsmara Nas.) en laastens Mike Krafft (9 Simmentaler bulle vir N\$ 33 222: Superior Genetics). Benewens die besondere prestasie van Dr Joggie Briedenhann (37 bulle vir N\$ 62 000) is die prestasie van Mecki en Brigitte Schneider (29 Brahman bulle vir gemiddeld N\$ 31 964) en Stephan Voigts (23 Simmentaler bulle vir gemiddeld N\$ 29 695) ook indrukwekkende prestasies wat genoem moet word gedagtig aan die getal bulle wat beide hierdie telers verkoop het.

Die Hartebeestloop Bonsmara Produksieveiling van Dr Joggie Briedenhann en Nico Visser was weer eens 'n spoggeleentheid wat deur talle boere vanuit alle hoeke van die land bygewoon is. Benewens die voortreflike veilingsresultate was die kennisoordraging ewe indrukwekkend en op 'n baie hoë vlak. Stoettelers, kommersiële- en ontluikende produsente het almal baat gevind by die wetenskaplike en praktiese inligting wat gedeel is. Die professionele aanbieding van die boeredag en die veiling was, soos verlede jaar, werlik 'n poging om op trots te wees en 'n voorbeeld vir almal. Hartebeestloop Bonsmaras en alle aktiwiteite rondom hierdie stoet, verwysende na die wetenskaplike stoeteling en kennisoordraging, verleen 'n nuwe dimensie tot die stoetbedryf waarby elke veeprodusent in die land baat behoort te vind.

'n Ander suksesverhaal is die Top 10 Bonsmaraveiling wat vir die eerste keer te Otjiwarongo aangebied is. Onder die bekwame leiding van Ben en Corlia Mouton het Ernie de Vries, Dries Venter, Robbie Dauberschmidt, Edward Hansen, Ingo Halberstadt en Jörg von Dewitz die uitdaging aanvaar om op Otjiwarongo 'n Bonsmaraveiling aan te bied. Nodeloos om te sê, hierdie veiling was 'n reuse sukses te danke aan die harde en innoverende werk van veral Ben Mouton. Elke teler het sy kant gebring wat betref die kwaliteit van bulle wat aangebied is. Die bulle is vooraf geselekteer en moes aan sekere minimum vereistes voldoen wat betref voorkoms, tipe en prestasie. Daar is ook streng veeartsenykundige vereistes deur Dr Axel Hartman voorgeskryf. 'n Baie insiggewende inligtingsdag is die dag voor die veiling aangebied. Verder is die borge ook geleentheid gebied om uitstallings te hou wat voldoende blootstelling aan hulle verleen het. Almal by name die telers, borge, veearts en Agra as agent het saamgewerk om van hierdie veiling 'n sukses te maak. Die verkoopsentasie van die veiling was 100%. Daar is onder andere 56 bulle vir gemiddeld N\$ 25 982 van die hand gesit. Die 30 stoetkoeie en -verse het gemiddeld N\$ 9 193 behaal terwyl die 65 kommersiële verse gemiddeld N\$ 6 092 behaal het. 88% Van al die diere is deur boere vanuit die noorde van Namibië aangekoop. Hierdie veiling is 'n bewys dat met harde, eerlike, opregte werk en seën enige iets in die lewe bereik kan word.

Die indrukwekkende prestasie wat tydens die Central Select veiling behaal is, was verseker een van die hoogtepunte van die jaar. Behalwe dat 'n 100 % verkope behaal is, is die 65 Simbra- Brahman-, Simmentaler- en Limousinbulle vir 'n gemiddeld van N\$ 29 538 verkoop. Die kwaliteit was voortreflik en die bulle was almal veilingsgereed en het goed vertoon. Baie geluk aan Diethelm Metzger, Fred en Uta Redecker, Stephan Voigts, Sigi Wilckens asook Sigi von Lüttwitz.

Die Superior Genetics veiling het ook geskiedenis gemaak en was ewe indrukwekkend deurdat 74 bulle aangebied is waarvan sowat 59 bulle vir

gemiddeld N\$ 28 881 verkoop is. Hierdie aandveiling was weereens 'n reuse sukses en 'n geleentheid wat lank onthou sal word. Verder het die Superior Genetics groep telers 'n doelwit daargestel om in die toekoms tot 100 bulle aan te bied.

Benewens die bulle wat aangebied is vestig die Namibia Genetics groep telers hulself as dié veiling waar top kwaliteit kommersiële vroulike diere aangebied word. Vanjaar is 158 verse vir 'n gemiddeld van N\$ 6 083 verkoop.

Die Brahman Nasionale velling is vanjaar ook gekenmerk deur top kwaliteit bulle wat aangebied is. Onder andere is daar 19 bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 37 052 van die hand gesit.

Die Northern Select veiling te Grootfontein was ewe indrukwekkend veral as in ag geneem word dat dit die tweede laaste veiling van die jaar was. Tydens hierdie veiling is 31 Brahman bulle vir 'n gemiddeld van N\$ 32 322 verkoop terwyl die 7 Simmentaler bulle vir gemiddeld N\$ 31 571 van eienaar verwissel het.

Verder is daar 9 veilings (Oostelike Santa Gertrudis, Top 10 Bonsmara, Central Select, Hochfeldstreek Bonsmara, St Blaize Brahman, Khomas Gesamentlike Produksieveiling, Omatjenne, Okomumbonde en Uitkomst) wat 'n 100 % verkoopsentasie behaal het.

In 2009 is 'n verkoopsentasie van 88.09% behaal deurdat 1 820 diere van die 2 066 diere wat op grootveestoetveilings aangebied is, verkoop is.

Gedurende die jaar het Barend Dorfling by Agra Stoetveedienste aangesluit. Sy primêre funksies behels die volgende:

- Besoeke aan stoettelers om kuddeklassifikasies te doen, die nageslag van teelvaars te evalueer, aanbevelings te maak ten opsigte van die aankoop van potensiële stoetbulle asook om potensiële veilingsdiere te identifiseer.
- Behulpzaam te wees met die professionele aanbieding van stoetveeilings asook advies aan kopers te gee ten opsigte van aankope.
- Kuddeklassifikasies by kommersiële produsente te doen en aanbevelings te maak t.o.v. die keuse van bul aankope.
- Skakeldienste te doen.
- Diere te werf vir uitvoere na buurlande.
- Diere te werf vir Agra se E-veilings wat tydens die Windhoek skou geloods is.
- Beoordeling van kalwers op speenkalfveilings.
- Keurings van stoetdiere vir genootskappe te doen.

Dit is vir Agra Stoetveedienste 'n groot voorreg om die dienste van 'n bekwame persoon soos Barend te kon bekom. Voorspoed word hom toegewens. U kan vir Barend skakel by 081 127 88 06.

**Kostes is ongelukkig 'n uitgawe wat vandag in berekening gehou moet word en daarom sal Agra nie meer kan voortgaan om van hierdie dienste gratis te verskaf nie. Die tariewe wat van toepassing sal wees is N\$ 3-00 per km en N\$ 500-00 per dag.**

Teen die einde van die jaar is Agra se Webtuiste so opgegradeer dat dit veilingkatalogusse asook fotos van veilingsdiere kan akkommodeer. Telers kan dus in 2010 fotos van veilingsdiere aan die stoetveekantoor stuur vir plasing op die webtuiste.

Die Stoetveedienste kantoor het op 1 Junie 2009 na Mose Tjitendero nr. 4 in Olympia verskuif. Die doel daarmee was om beter kommunikasie met kliënte, wat nie deur die dag beskikbaar is nie, te bewerkstellig en dit vir die personeel veiliger te maak om na ure te werk.

## OPSOMMEND

- Bonsmara, Brahman, Simmentaler en Simbra Bulle bly steeds die populêre keuses by kommersiële produsente.
- Gemiddelde bulpryse was hoër as wat aanvanklik verwag is.
- Hartebeestloop Bonsmaras het verstommende hoë pryse behaal.
- Top kwaliteit diere is in 2009 op die veilings aangebied.
- Die vraag na goeie kwaliteit kommersiële vroulike diere, veral Bonsmara en wit Brahman verse groei steeds.
- Die vraag na kwaliteit kuddebulle onder die geleedere van die kommersiële produsente styg steeds.
- Probleme met die indiening van vrugbaarheidsertifikate word steeds ondervind.
- Akkurate inligting in die katalogusse raak al belangriker vir die koper.
- Die bemerking van diere asook die veilings word al beter gedoen.
- Aktiwiteite rondom veilings brei uit in 'n poging om potensiële kopers na veilings te lok.
- Veilingsinligting van sekere telers word nog steeds nie betyds ontvang nie.
- Probleme word steeds gevind met kopers wat onderneem om internet betalings te doen.

## UITDAGINGS AAN DIE STOETBEDRYF

- Daar rus steeds 'n verpligting teenoor elke produsent om 'n program van bosbestryding toe te pas. Die natuurlike hulpbron bly steeds die goedkoopste voedingsbron vir diere en daarom is veldherwinning 'n prioriteit ter bevordering van volhoubare veeproduksie.
- Sekere hoë potensiaal gebiede is geskik vir die aanplant van voergewasse of die vestiging van aangeplante weidings. Die beskikbaarheid van bykomende voere of hooi verminder risikos en maak die afronding van diere moontlik.
- Organiese veeboerderypraktyke behoort meer ondersoek te word.
- Namibië is 'n land van omgewingsuiterstes en daar moet dus 'n balans tussen produksie-omgewing en markbehoefes verkry word. Om te produseer wat die omgewing jou toelaat is 'n volhoubare langtermyn strategie.
- Streef daarna om goeie betrekkinge met werknemers te handhaaf. Verhoog hulle vermoëns, effektiwiteit en produktiwiteit deur kennisoordraging. Bekwame en gemotiveerde werkers bevorder doeltreffende kudde- en algemene plaasbestuur.
- Maak seker dat die gesondheidsinligting van u diere by die veiling beskikbaar is.
- Implementeer die korrekte afrondingspraktyke. As u onseker is skakel 'n kundige op hierdie gebied en maak seker dat u nie bulle te veel pamperslang nie.
- Maak van Agra se webtuiste gebruik om goeie fotos van u beste veilingbulle op te plaas.
- Maak gebruik van Agra se e-veilings om diere te bemerk veral surplus teeldiere of beproefde stoetbulle wat u moet vervang.

Kiep Lepen  
Agra Stoetveedienste


### Opsomming per ras van 2009 Bulveilings:

Ras	Aantal	Gemiddeld	Totaal	Duurste	Verkoper	Koper
Afrikaner	4	8 000.00	32 000.00	15 000.00	Neudamm	L A Lensing
Angus	3	13 333.33	39 999.99	17 000.00	G J G Vermeulen	S F Louw
Beefmaster	6	23 833.33	142 999.98	30 000.00	R v/d Merwe	F Oosthuizen
Bonsmara	227	29 447.13	6 684 498.51	280 000.00	Hartebeestloop	Mouton & Dauberschmidt
Brahman	217	29 069.12	6 307 999.04	96 000.00	H B Eggert	A V Hoth
Braunvieh	16	15 693.75	251 100.00	28 000.00	L de Jager	Ministry
Charolais	6	26 333.33	157 999.98	35 000.00	B A Calitz	Q J Webb
Hereford	7	21 500.00	150 500.00	27 000.00	H Kebbel	M Wucher
Limousin	15	32 600.00	489 000.00	100 000.00	E Lottering	S Wilckens
Nguni	9	14 777.78	133 000.02	20 000.00	E Schmidt von Wuelisch	H W Giess
Santa	40	18 875.00	755 000.00	32 000.00	B A Human	Oosthuizensrust cc
Simbra	46	31 739.13	1 459 999.98	60 000.00	D Metzger	Leeukop Boerdery
Simmentaler	122	26 552.46	3 239 400.12	67 000.00	H Riedel	Dr O F C Herrigel
Sussex	21	28 857.14	605 999.94	51 000.00	St Blaize	Lemke Ranches

to continue on page 6...

continued from page 5...

**Aantal bulle verkoop 1990 - 2009**




In Maart se Ring sal 'n opsomming van die bulveilinge en die verkoopsentasies van elke veiling verskyn.


Skakel Agra Stoetveedienste by  
Tel: 061 - 252 973

[www.agra.com.na](http://www.agra.com.na)

**Gemiddelde Bulpryse (NS)**




**Beesgetalle per jaar bemark**



# Produksieveiling

**agra** **Francois & Wallace Theron & Kobus van Wyk**

**26 Februarie 2010**  
**11:00**  
**Agra/Bank Windhoek Ring**



**15 GEREKISTREERDE  
BOERDOX RAMME  
20 GEREKISTREERDE  
STOET & KUDDE BOERDOX OOIE**



**15 GEKEURDE WIT DORPER RAMME  
13 GEKEURDE WIT DORPER OOIE**



**30 GEKEURDE VAN ROOIJ RAMME  
80 GEKEURDE VAN ROOIJ OOIE**



**10 SAANEN MELKBOKKE**

**1 Van Rooij Ramme  
& 1 Boerdok Ramme  
sal geveilig word om 'n geleidelike tempo!**

Kley Lepens: 081 534 9046

Berhard Verweyden: 081 534 0770

Kobus van Wyk: 081 252 9730

© pos: freejack.agra@gmail.com



# AGRA

## OMSKEPPING VAN KOÖPERASIE NA MAATSKAPPY

AGRA NEWS

### Wat beteken “omskepping”?

Dit beteken dat die besigheidsvorm van Agra verander van 'n koöperasie na 'n maatskappy.

### Waarom glo die raad van direkteure en die bestuur van Agra dat die omskepping belangrik is vir Agra?

- Versterking van die kapitaalbasis van Agra.
- Likwiditeit van beleggings: Lede kan hulle toegedeelde aandele verkoop.
- Aandeelhouders ontvang belastingvrye dividende in plaas van belasbare bonusse.
- Kontinuiteit van aandeelhouing (dit word nie gekanselleer wanneer 'n persoon boerdery staak nie)
- Met die omskepping word die lede beloon wat die koöperasie die meeste ondersteun het.
- Breëbasis bemagtiging.
- Verbeterde mededingendheid.
- Lede kan deel in toekomstige winste van Agra vir so lank as wat hulle aandeelhouders bly, selfs al sou hulle boerdery staak.
- Die Agra aandele is 'n belegging wat kan groei in waarde as Agra voortgaan om te groei as 'n besigheid.

### Wat is die goedkeuringsvoorwaardes vir die omskepping?

3 stappe van goedkeuring word benodig. (a) Twee derdes van die lede van Agra moet die omskepping skriftelik goedkeur. (b) Twee derdes van die lede teenwoordig op 'n behoorlike gekonstitueerde algemene vergadering van Agra moet ten gunste daarvoor stem (c) Die Registrateur van Koöperasies moet die omskepping goedkeur.

### Hoe sal die omskepping die waarde van my belang in Agra beïnvloed?

Die lede se aandeelbelang en ledefondse sal op die omskeppingsdatum omskep word in aandele in die nuwe maatskappy op 'n basis van 1:1. Die opgeloopte winste van Agra soos op 31 Julie 2009 sal omskep word in aandele gebaseer op die omset van elke lid met Agra oor die afgelope 6 finansiële jare. Dit beteken dat 'n lid wat byvoorbeeld 'n gemiddelde besigheid van N\$100,000 per jaar met Agra gedoen het sal dienooreenkomstig 'n groter getal aandele kry uit die opgeloopte winste in vergelyking met 'n persoon wat gemiddeld net vir N\$10,000 per jaar met Agra besigheid gedoen het.

### Wanneer wil Agra die omskepping doen in 'n maatskappy?

Die algemene vergadering wat belê moet word vir die goedkeuring van die omskepping is beplan vir 31 Maart 2010. Indien dit goedgekeur word sal die omskepping gedoen word binne die 4 daaropvolgende maande.

(mits Agra 2/3 van die stemme van al die lede ontvang ten gunste van die omskepping).

### Wat moet ek doen as ek ten gunste van die omskepping is?

'n Omsendbrief wat die omskepping verduidelik is gepos aan elke lid. Aangeheg tot die omsendbrief is 'n stemvorm wat ingevul en onderteken moet word deur die lid. Hierdie vorms moet aan die naaste takbestuurder oorhandig word of gefaks word na: (061) 2909227, nie later nie as 24 Maart 2010.

### Wat kan ek doen as ek nie ten gunste van die omskepping is nie?

Die bogenoemde stemvorm maak voorsiening vir 'n “ja/yes” of 'n “nee/no” stem. Ons wil egter 'n beroep op u doen om u naaste takbestuurder te kontak of die Agra helplyn te skakel by (061) 2909222 om enige bekommernisse te bespreek voordat u teen die omskepping stem.

### Met wie kan ek praat as ek vrae het oor die omskepping?

U kan die naaste takbestuurder kontak of u kan die helplyn skakel by (061) 2909222 wat oop sal wees vanaf 08h00 tot 16h30 Maandae tot Vrydae, uitgesluit publieke vakansiedae. Hierdie helplyn sal beskikbaar wees tot 24 Maart 2010. Agra sal ook landwyd publieke vergaderings hou in Februarie 2010, waar direkteure en lede van bestuur aan lede sal verduidelik wat die beweegredes is vir die omskepping van die koöperasie in 'n maatskappy en wat die voor- en nadele is.

### Waar kan ek uitvind wat my belang in Agra sal wees nadat die omskepping plaasgevind het?

Die voorlopige aantal aandele wat aan elke lid toegeken gaan word is by die takke beskikbaar. Die waarde van die aandele per lid word ook aangedui in die brief wat ingesluit is by die omsendbrief.

### Waar kan ek aandele koop of verkoop nadat die omskepping plaasgevind het?

Na die omskepping sal Agra intern of met behulp van 'n aandelemakelaar 'n aandeelverhandelingstoonbank skep. Aandeelhouders wat aandele wil verkoop sal die verhandelingstoonbank in kennis stel en potensiële kopers kan aandele koop deur die verhandelingstoonbank.

### Is daar enige beperkings op wie aandele mag koop of aan wie aandele verkoop mag word na die omskepping?

Daar is geen beperkings oor wie 'n aandeelhouer mag word nadat die nuwe maatskappy tot stand gekom het nie. Alle aandeelverhandelings moet egter geskied deur die aandeelverhandelingstoonbank.



A Natural Evolution



## **Wat is die gevolge van die omskepping op my stemreg deur my aandele in Agra?**

Die verhouding van jou aandele tot die totale uitgereikte aandele van Agra sal die persentasie van jou stemreg bepaal by 'n aandeelhoudersvergadering van Agra. Stemreg sal beperk word tot 'n maksimum van 5% per aandeelhouer om 'n situasie te voorkom waar 'n buite-instansie 'n groot aantal aandele opkoop om sodoende aandeelhoudersvergaderings te beïnvloed.

## **Hoe sal ek deel in die toekomstige winste van Agra?**

Agra sal in die toekoms dividende verklaar uit winste wat gedurende die jaar genereer is nadat toekomstige kapitaal- uitgawes en reserweverpligtinge in ag geneem is. Aandeelhouders sal dus 'n gedeelte van Agra se wins ontvang in die vorm van 'n dividend. Dividende is huidiglik nie belasbaar in Namibië nie. Elke aandeelhouer sal deel in dividende in verhouding tot sy aandeelhouding.

Indien Agra winsgewend besigheid bedryf sal die waarde van die aandele oor tyd toeneem. In 'n geval waar 'n aandeelhouer besluit om sy aandele in Agra te verkoop sal hy die groei in die waarde van die aandele kan realiseer oor tyd.

## **Sal aandeelhouders 'n gewaarborgde dividend ontvang elke jaar?**

Nee, die verklaring van 'n dividend en die bedrag daarvan kan nie gewaarborg word nie en sal bepaal word deur die wins vir die jaar asook die toekomstige kapitaal en reserweverreistes.

## **Gaan Agra gelys word op die Namibiese aandelebeurs?**

Dit mag in die toekoms gebeur maar die raad van direkteure en die bestuur het besluit om nie die roete op hierdie stadium te volg nie.

## **Hoe sal die prys van 'n aandeel in Agra bepaal word?**

Die prys sal bepaal word deur aanbiedings om te koop en te verkoop deur die verhandelingsbank. Die netto bate waarde van Agra volgens die jongste gepubliseerde finansiële state behoort 'n aanduiding te gee van die minimum prys waarteen 'n aandeel behoort te verhandel.

## **Wat sal gebeur as ek al my aandele in Agra verkoop?**

Wanneer jy jou aandele in Agra verkoop het sal jy nie meer 'n aandeelhouer van Agra wees nie en sal jy ook nie in toekomstige dividende wat Agra mag verklaar deel nie en jy sal ook nie meer kan stem op aangeleenthede wat Agra voorlê aan aandeelhouders vir besluite nie. Jy sal wel aankope kan maak by Agra en besigheid doen met Agra op dieselfde terme en voorwaardes as enige ander persoon van die publiek. Jy kan ook weer 'n aandeelhouer word deur aandele te koop deur die aandeelverhandelingsbank.

## **Kan ek my Agra aandele behou as ek ophou boer?**

Ja. Jy sal 'n aandeelhouer van Agra bly selfs as jy ophou boer, aangesien aandeelhouding nie beperk word tot boere nie.

## **Wat word van my aandele in Agra as ek sterwe?**

Jou aandele sal deel vorm van jou boedel en sal bemaak word of verkoop word volgens die bepalinge van jou testament.

## **Kan enige persoon in die toekoms 'n aandeelhouer word van Agra?**

Agra beperk sal 'n publieke maatskappy wees en aandeelhouding in Agra sal nie beperk word tot byvoorbeeld aktiewe boere nie. Nie-

Namibiërs sal ook geregtig wees om aandele in Agra te koop.

## **Hoe kan nuwe boere aandeelhouders in Agra word na die omskepping?**

Dit sal nie nodig wees om 'n aandeelhouer in Agra te wees om met Agra besigheid te doen nie. Jou besigheidsterme sal ook nie bepaal word op grond van die feit dat jy 'n aandeelhouer is of nie. Nie-aandeelhouders sal nie op ander terme besigheid doen as aandeelhouders van Agra nie. Sou jy egter 'n aandeelhouer wil word in Agra kan jy aandele koop van 'n gewillige verkoper deur die aandeelverhandelingsbank.

## **Kan enige persoon of maatskappy (wie nie by landbou betrokke is nie) beheer kry oor Agra in die toekoms?**

Dit sal moontlik wees dat 'n buitestaander 'n groot aantal aandele van bestaande aandeelhouders kan koop.

Die raad beveel egter aan dat die stemreg van 'n aandeelhouer beperk word tot 5% wat sal voorkom dat 'n aandeelhouer met sy/haar groot aandeelhouding 'n aandeelhoudersvergadering sal kan manipuleer.

## **Wie sal die direkteure wees van Agra na die omskepping.**

Die eerste Raad van Direkteure van Agra Beperk sal bestaan uit die direkteure van die Koöperasie onmiddelik voor die omskepping. Die raad van direkteure sal dan jaarliks herkies word deur die aandeelhouders by die Algemene Jaarvergadering.

## **Hoe sal my kliëntnommer by Agra deur die omskepping beïnvloed word?**

Jy sal jou Agra kliëntnommer behou. Let daarop dat 'n persoon wat met Agra op rekening besigheid doen 'n kliëntnommer ontvang ongeag of die persoon 'n lid / aandeelhouer is of nie.

## **Hoe sal my lidnommer deur die omskepping beïnvloed word?**

Jou Agra lidnommer sal verval. Dit sal nie nodig wees om aandeelhouernommers toe te ken nie, aangesien die aandele- sertifikate genommer is en aandeelhouders van Agra sal geïdentifiseer word na aanleiding van die aandele sertifikate.

## **Wat is Agra se visie vir bemagtiging?**

Agra glo dat sy gediversifiseerde aandeelhouerbasis dit een van die breedste bemagtigings maatskappy in Namibië maak. Baie vorig benadeelde persone van kommunale areas asook opkomende swart boere is alreeds lede van Agra en sal dus ook aandeelhouders word van Agra beperk.

## **Sal die personeel van Agra ook aandeelhouders word?**

Die raad van direkteure glo dat 'n aanspreekstelsel waardeur personeel geregtig is om aandele in 'n maatskappy te kan opneem, 'n effektiewe meganisme is om personeel te vergoed en om kwaliteit personeel te behou. Dit is egter nie deel van die omskeppingsproses nie en dit is iets waarvoor besluit moet word deur die raad van direkteure en die aandeelhouders nadat die omskepping afgehandel is.

## **Wat gebeur as die lede van Agra of die Registrateur van Koöperasies die omskepping nie goedkeur nie?**

Agra sal voortgaan in die huidige besigheidsvorm.

Vir enige navrae kc  
061 - 290 9222





**AGRA NEWS**

# AGRA'S THIRD SOCIAL REPORT SHOWS THEIR CONTINUOUS SUPPORT

By this time, Agra members should have received their Agra social reports.

As Birgit Hoffmann, Senior Manager Corporate Affairs states in the report: "We realize how privileged we are to operate in a prosperous and harmonious community, all contributing to each other's success in one or the other way", we consider ourselves also privileged to be able to share this information with our members.

This report shows that Agra did not only hand out cash but Agra and its subsidiaries the Karakul Pelt Centre, Auas Vet Med, Safari Den and Auas Wholesale were actively involved as partners in business and development.

In fulfilling its social responsibilities and public commitments during the year, Agra presented various projects and training programmes to the public, supported farmer association days, communal and commercial shows and agricultural training and development. Agra also invests in

its staff by means of various developmental programmes, a streamlined recruitment process, individual interventions and performance management.

The report states that Agra believes that each and every person having access to agricultural land has a responsibility towards the nation to optimally utilise all available resources for production. This can only be achieved by a concerted effort of all stakeholders. As the prosperity of our country is close at our heart, we support initiatives that focus on human development and the sustainable utilisation of our natural resources. We target the broad farming community with the main aim of enhancing the continued improvement of production and maintenance of the fragile natural resource base.

If you have not yet received an Agra social report or would like to have another copy of the report, you are most welcome to contact me. Any comments on the social report would also be very welcome.

Albé Snyman




**AGRA NEWS**

# AGRA CONTINUES TO PRESENT PUBLIC LECTURES DUE TO POPULAR DEMAND

During 2009, Nine Agra Public Lectures attended by 342 farmers were presented. Continued positive feedback received and the demand for further knowledge motivates the ongoing presentations of Public Lectures. Agra is inspired by the farmers' commitment to improve production and management practice through the application of gained knowledge, and especially the demand for more opportunities of acquiring a solid basis for farming.

